higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 3

(3011023)

10 December 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

484Q1N2010

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Vergoeding wat met beleggings verdien is, word ... genoem.

A lone
B wins
C huur
D rente

1.1.2 In Suid-Afrika sluit die regering se rol ... in.

A handhawing van 'n gunstige handelsbalans
B bepaling van ekonomiese beleid
C verlaging van die rentekoers
D beheer oor die hoeveelheid geld wat in omloop is

1.1.3 Die afkorting … word gebruik om die verbruikersprysindeks uit te druk, rentekoerse op verbandlenings uitgesluit.

A PPI
B CPI
C CPIX
D CPX

1.1.4 Die prys van Brent-ruolie word gemeet in ... per vat.

A rand
B dollar
C pond
D jen

1.1.5 … is 'n gebeurtenis in die ekonomiese omgewing.

A Infrastruktuur
B Oorlog
C Inflasie
D Verbruikers

Kopiereg voorbehou

1.1.6 … verhoog die doeltreffendheid van 'n produk of proses, wat lei tot 'n toename in uitsette sonder 'n toename in insette.

A Sosiopolitieke veranderinge
B Ekonomiese veranderinge
C Fisiese veranderinge
D Tegnologiese veranderinge

1.1.7 … verwys na 'n situasie waar werkloses in 'n gesonde ekonomie op soek is na werk.

A Sikliese werkloosheid
B Strukturele werkloosheid
C Seisoenale werkloosheid
D Wrywingswerkloosheid

1.1.8 Die gelykbreekpunt is waar …

A veranderlike koste gelyk is aan inkomste.
B inkomste gelyk is aan uitgawes.
C inkomste meer is as uitgawes.
D inkomste minder is as uitgawes.

1.1.9 … is die koste wat verander namate die hoeveelheid goedere en dienste wat 'n besigheid lewer, verander.

A Vaste koste
B Veranderlike koste
C Totale koste
D Geleentheidskoste

1.1.10 … verwys na geld wat in en uit die onderneming vloei.

A Oorhoofse koste
B Kontantvloei
C Uitsetkoste
D Aanvangskapitaal

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 … ... is iets wat algemeen aanvaar word as betaling vir goedere en dienste en wat geberg en op 'n latere stadium gebruik kan word.

1.2.2 … is wat 'n maatskappy aan sy aandeelhouers uitbetaal wanneer die maatskappy 'n wins maak of 'n surplus het.

1.2.3 … is die verbetering van mense se lewenstandaard, byvoorbeeld deur die voorsiening van huise.

1.2.4 … word oor 'n bepaalde tydperk teen 'n gegewe rentekoers op die oorspronklike hoofskuld of belegging bereken.

1.2.5 … is belasting wat gehef word op buitelandse goedere en dienste wat na Suid-Afrika ingevoer word; dit word deur doeane en aksyns beheer.

1.2.6 'n ... is 'n onderhandelbare instrument wat deur 'n bank van 'n ander bank in die buiteland getrek word ten gunste van 'n spesifieke persoon of maatskappy wat daarop vermeld word.

1.2.7 Die ... is 'n mark waar kopers en verkopers van aandele kan vergader om met mekaar handel te dryf.

1.2.8 Die ... is 'n maatstaf vir die waarde van valuta op die internasionale mark

1.2.9 … beteken om 'n werknemer na 'n ander pos of werk binne dieselfde organisasie te verskuif.

1.2.10 ... is vrees of haat vir mense wat vreemd of anders is.

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Sonder entrepreneurs sou die natuurlike, menslike en kapitale hulpbronne vir almal baie nuttig wees.

1.3.2 Vaste koste wissel direk in verhouding tot die produksie van een addisionele eenheid.

1.3.3 Hoë inflasie verlaag die koopkrag van die geldeenheid.

1.3.4 Rente is 'n bedrag wat die lener op 'n agterstallige rekening betaal.

1.3.5 'n Kritieke pad is die kortste aktiwiteit wat parallel gedoen kan word.

(5 × 1) (5)
[25]

VRAAG 2

2.1 Noem VIER soorte infrastruktuur wat 'n positiewe uitwerking op 'n onderneming het. (4)

2.2 Noem VIER oorsake van werkloosheid. (4)

2.3 Skryf die volgende akronieme voluit neer.

2.3.1 NSFAS

2.3.2 NCA

(2 × 1) (2)

2.4 PNA-boekwinkel besluit om klaargemaakte plastiekoortreksels vir skryfboeke by hul voorraad te voeg. Die plastiek kos R18,00 per rol. Met elke rol kan slegs drie skryfboeke oorgetrek word. Die bruto wins per rol beloop 30%.

2.4.1 Bereken hoeveel dit sal kos om 32 skryfboeke met klaargemaakte plastiekoortreksels oor te trek. Toon die berekeninge. (3)

2.4.2 Bereken die gelykbreekomset as die vaste koste R20 000 is. (2)
[15]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Wat word 'n verhuurder se vergoeding/besoldiging genoem? (1)

3.2 Wat is die ekonomiese belang van arbeid in 'n sake-omgewing? (2 × 2) (4)

3.3 Verduidelik die volgende produksiefaktore:

3.3.1 Entrepreneur

3.3.2 Kapitaal

(2 × 2) (4)

3.4 Besighede gebruik PEST-analise voordat hulle reageer op veranderinge in die sake-omgewing. Skryf die afkorting PEST voluit neer. (4)

3.5 Waarvoor word PEST-analise gebruik? (2)

3.6 Beskryf VIER pogings deur die regering om die ekonomies benadeeldes in Suid-Afrika by te staan. (4 × 2) (8)

3.7 Identifiseer die soort werkloosheid waarna in die volgende gevalle verwys word:

3.7.1 John verloor sy werk weens 'n resessie.

3.7.2 Wandi pluk vrugte in die somer en weet nie wat om in die winter te doen nie.

(2 × 2) (4)

3.8 Verduidelik die term *fisiese omgewing* in jou eie woorde. (3)

3.9 Noem TWEE voorbeelde van bronne wat in die fisiese omgewing voorkom. (2)

3.10 Verduidelik die ekonomiese stelsel wat in Suid-Afrika gebruik word kortliks. (2)

3.11 Verduidelik kortliks DRIE nadele van die ekonomiese stelsel wat jy by VRAAG 3.10 genoem het. (3 × 2) (6)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Suid-Afrikaanse banke baklei oor skaars IT-vaardighede

Suid-Afrikaanse banke sukkel om gekwalifiseerde IT-beroepspersone te vind en ding mee om 'n dalende aanbod van geskoolde werkers. Dit kan lei tot bankmislukking. Standard Bank het onlangs aangekondig dat hulle altesaam 91 takke gaan sluit omdat hulle digitale bankdienste verkies. [Bron: *Sunday Times*, 16 June 2019]

4.1 Definieer die begrip *mededinger*. (2)

4.2 Wat verstaan jy onder die term *bankmislukking*? (2)

4.3 Verduidelik hoe die sluiting van Standard Bank-takke die Suid-Afrikaanse ekonomie kan beïnvloed. (3 × 2) (6)

4.4 Noem VIER funksies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. (6)

4.5 Verduidelik kortliks VIER funksies van finansiële markte. (4 × 2) (8)

4.6 Beskryf DRIE bedreigings wat tegnologiese veranderinge vir die sake-omgewing inhou. (3 × 2) (6)

4.7 Verduidelik hoe opleiding gebruik kan word om te voorsien in die Suid-Afrikaanse Banke se behoeftes aan menslike-hulpbronne. (3 × 2) (6)

4.8 Goeie infrastruktuur is noodsaaklik vir die land se ekonomiese ontwikkeling.

Motiveer hierdie stelling. (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 5

5.1 Wat is die doel van kritiekepadontleding ('critical path analysis')? (2)

5.2 Noem DRIE aspekte wat uitvoerders in ag moet neem wanneer hulle 'n kritiekepadontleding doen. (6)

5.3 Definieer die term *ekonomiese aanwyser*. (2)

5.4 Noem enige VIER ekonomiese aanwysers wat die rigting van die ekonomie aandui. (4)

5.5 Onderskei tussen *primêre* en *sekondêre* aandelemarkte. (4)

Kopiereg voorbehou

5.6 Phuthuma Nathi het 'n opkomende entrepreneur 'n lening van R200 000 as aanvangskapitaal teen 'n vaste rentekoers van 20% aangebied. Die lening was vir 'n tydperk van 3 jaar.

5.6.1 Bereken die enkelvoudige rente aan die einde van 3 jaar. Toon die berekeninge. (3)

5.6.2 Bereken die saamgestelde rente aan die einde van 3 jaar. Toon die berekeninge. (5)

5.6.3 Wat is die totale rente aan die einde van drie jaar? (2)

5.7 Wat moet uitvoerders doen om hul kontantvloei doeltreffend te bestuur? (2 × 2) (4)

5.8 Koste-inflasie is 'n algemene styging in pryse wat veroorsaak word deur 'n styging in faktorkoste.

Verduidelik kortliks die oorsake van koste-inflasie. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 6

6.1 Verduidelik in jou eie woorde wat *markaandele* is. (2)

6.2 Noem VYF soorte aandele. (5)

6.3 Verduidelik die negatiewe gevolge van die volgende op 'n besigheid:

6.3.1 MIV/VIGS (2 × 2) (4)

6.3.2 Verhoging in indirekte belasting (BTW) (2 × 2) (4)

6.4 Verduidelik die term *institusionalisering* in jou eie woorde. (4)

6.5 Suid-Afrika het baie minerale en ander natuurlike hulpbronne.

Verduidelik kortliks hoe natuurlike hulpbronne tot ekonomiese groei kan bydra. (3 × 2) (6)

6.6 Noem DRIE voorbeelde van vaste koste. (3)

Kopiereg voorbehou

6.7 Mimi het 2 000 serpe na Engeland uitgevoer. Die totale koste wat sy aangegaan het om een serp te maak, is R50 en die verpakking is R10 vir 250 serpe. Die vervoermaatskappy vra R350 vir 1 000 serpe.

Bereken die totale koste vir die uitvoer van 1 000 serpe. (4)

6.8 Gebruik die volgende uitruilkoerse om die vrae wat daarop volg te beantwoord:

£1	R18,73
¥1	R0,13

6.8.1 Lesego wil in Londen gaan werk. Hy moet R20 000 in sy bankrekening hê voordat hy kan gaan.

Bereken hoeveel Lesego in pond (£) benodig. (2)

6.8.2 Terwyl hy in Londen is, koop Lesego 'n PlayStation vir £550.

Bereken hoeveel hy in randwaarde betaal het. Toon die berekeninge. (3)

6.8.3 Hy besluit om 'n ekstra PlayStation in Japan te koop teen 70 000 Japannese jen.

Bereken hoeveel hy in randwaarde sal betaal. Toon die berekeninge. (3)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou